

22 Januarie 2014

Skrifgedeelte: Johannes 1:1-18
Fokusgedeelte: Johannes 1:14

Jesus se menswording beteken vir ons verlossing

Wat sou van ons geword het as Jesus nie mens geword het nie? Ons sou verlore gewees het.

Johannes begin met Jesus Christus en Wie Hy is en wat Hy vir ons beteken. Eerstens begin Hy met die gedagte dat Jeesus die Woord is en dat Hy self God is (vs 1-2). Tweedens kom hy by die gedagte dat Jesus self by die skepping betrokke was (vs 3-5). Dit is deur die Woord dat die lewe op aarde tot stand gekom het. Die Vader het gespreek en dit het gebeur. Hy is die een wat lewe gee. Derdens verkondig Johannes die Doper dat Hy die Messias is en dat Hy kom om te getuig en die werke van die Vader te openbaar (vs 6-8).

Dan kom Johannes by die gedagte van die menswording van Jesus Christus uit. Ons leer hier uit vers 14 dat Jesus Christus wat self God was, mens geword het. Hy wat betrokke was by die skepping en wat die Messias is, Hy het gekom om ons kinders van God te maak. Kyk hoe pragtig word die gedagte in vers 12 uiteengesit: "... dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word." Vers 13 beaam dat God hulle Vader is.

Vir elkeen van ons wat vandag hierdie gedeelte lees, bied dit 'n geweldige troos in die lewe. Om te dink dat Christus, Hy wat self God is, soos Paulus dit stel geen roef geag om aan die mens gelyk te word nie, en dat Hy tot die dood toe aan God se opdrag aan hom gehoorsaam was.

Waarom? Sodat ek en jy deur te glo kinders van God genoem kan word. Geen verdienste, geen begeerte van ons kant om Hom te dien en erken nie. Trouens, vers 11 getuig dat sy eie mense Hom nie wou aanneem nie. Die genade van God het dit dan moontlik gemaak dat ons sy kinders is.

As ons dan vandag uitgaan om ons dagtake te verrig, hou in gedagte dat Jesus Christus mens geword het sodat ons kinders van God genoem kan word. Ons kan nie anders as om in dankbaarheid die Here te dien en te loof vir hierdie wonderlike genadegawe wat Hy aan ons geskenk het nie.

Sing: Skrifberyming 5-3:1, 2

Ds. N (Neville) Boy Thabazimbi